



Verwysing: 20171002-5406
12/16/8/P
Navrae: M Phillips

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0004/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Kursusse vir onderwyserontwikkeling, konferensies en seminare wat in 2018 deur die Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituut (KOLI) aangebied word

1. Die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) sal in 2018 tydens skoolkwartale of skoolvakansies weer SARO-geëndosseerde kursusse vir onderwyserontwikkeling, konferensies en seminare vir prinsipale, adjunkprinsipale, departementshoofde en onderwysers aanbied (Bylae A).
2. Alle kursusse wat in 2018 deur KOLI aangebied word, sal op die KOLI-webtuiste beskikbaar gestel word: www.wcedctli.co.za teen 16 Oktober 2017.
3. Onderwysers wat daarin belangstel om hierdie kursusse by te woon, moet via die KOLI-webtuiste aansluit. Die aanteken- en registrasieproses word in Bylae B uiteengesit.
4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal afsonderwysers in diens neem vir die duur van die kursusse wat gedurende skoolkwartale deur gevestigde onderwysers by KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
 - daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
 - die gevestigde onderwyser nie 'n onderwyser is wat deur die beheerliggaam besoldig word nie; en
 - die gevestigde onderwyser nie reeds vir 'n ander onderwyser instaan nie.
5. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte afsonderwysers vir die onderwyser te vind wat 'n kursus bywoon.

6. Slegs 50 onderwysers sal vir elk van die kursusse, wat tydens die skoolkwartaal aangebied word, geregistreer word.
7. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor die 2018 KOLI-intervensies te bekom nie.
 - Gavin de Bruyn, tel. 021 900 5062, faks 021 900 5114, e-pos gavin.debruyn@westerncape.gov.za vir alle **Skoolbestuur en Leierskapontwikkelingskursusse en -seminare**.
 - Magdalena Benn, tel. 021 900 5016, faks 086 614 5151, e-pos magdalena.benn@westerncape.gov.za vir alle **Grondslagfase** kursusse en die **AOO-taaloplossingkonferensie**.
 - Natasha Fouché, tel. 021 900 5018, e-pos natasha.fouche@westerncape.gov.za vir alle **Intermediêre- en Senior Fase** kursusse, en die **AOO-wiskundeoplossingkonferensie**.
 - Study Dangala, tel. 021 900 5020, e-pos study.dangala@westerncape.gov.za vir alle **Spesiale Behoeft** kursusse.
 - Christo Davids, tel. no. 021 900 5039, faks 086 731 6833, e-pos christo.davids2@westerncape.gov.za vir alle **IKT-integrasie**-intervensies.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN -ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-10-16